**Maandag 26 Februarie**

| **Skrifgedeelte: Hosea 13:1-4** | **Fokusgedeelte: Hosea 13:4** |
| --- | --- |

# Die Here gee sy kinders nooit prys nie: Buiten Hom is daar geen Heiland nie

"Efraim" (:1) verwys na die Tien Stammeryk (Israel) wat onder Jerobeam weggebreek het van koning Rehabeam en die twee stamme (Juda) (sien 1 Kon. 12). En dit omdat Rehabeam die volk *hard* geantwoord het op hulle versoek om nie sulke hoë eise aan hulle te stel as sy pa Salomo nie. Só het God Salomo se ontrou gestraf – in sy ouderdom het hy die afgode van sy heidense vroue aanbid (1 Kon. 11:4).

Jerobeam het egter ook die volk tot afgodery verlei deur kalwerdiens in die dorpe Bet-el en Dan. Hy wou keer dat die Israeliete (tien stamme) by die tempel in Jerusalem aanbid. Gevolglik het die Here teen Israel opgetree. Uiteindelik is hulle in 722 vC deur die koning van Assirië in ballingskap weggevoer.

Maar dan hoor ons die "tog" van vers 4. Die troue Verbondsgod praat. Hy het genadiglik 'n pad met sy volk geloop. Deur Moses het Hy hulle uit Egipteland gered. Hy sou hulle uit-eindelik van veel meer red … van die ewige verderf. Daarvoor sou Hy die Heiland (:4), Jesus Christus, stuur om hulle te red van die verdiende straf weens hulle sonde en afval.

Nooit weer sou die tien stamme as volk uit die ballingskap terugkeer nie. Tog sou die Here genadiglik in Christus uit elke volk en taal en nasie begenadigde uitverkorenes red en tot inkeer en geloof bring. Hy red hulle deur Jesus Christus, die enigste Heiland. Nooit sal Hy hulle wat Hy met sy bloed gekoop het, weer prysgee nie.

*Sing: Psalm 18-1:1, 9*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*